# ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

No / Nr 307
ISSN 1042 - 1558

Gratis / Free

## Mahindra Trekkers loods nuwe telematika: AgriWys

## Rekordgetal besoekers by NAMPO Kaap 2025

## ProAgri groet 'n reus



Farming Equipment
JUPIDEX
Member of the PLENNEGY GROUP

# Jupidex bring presisie en doeltreffendheid na jou boord met Andreoli-spuite

TATU MARCHESAN

# LEADING GROUND PREPARATION IN BRAZIL FOR THE LAST 75 YEARS




## AARP PLOW

INNOVATION AND EFFICIENCY IN SOIL PREPARATION





## GAICR DISC HARROW

IDEALLY SUITED FOR TOUGH PLOWING JOBS

## AST/MATIC PLOW

ROBUST, RELIABLE CHISEL SUBSOILER PLOW




TATU DURO MARK® DUAL TAPERED ROLLER BEARINGS

**GENUINE TATU PARTS FOR BALDAN, AGRICO AND OTHER BRANDS OF DISC HARROWS ALSO AVAILABLE**

## 3 YEAR WARRANTY ON ALL TATU OIL BATH BEARINGS

VALTRAC
TRACTORS • IMPLEMENTS • SERVICE • PARTS

0861 VALTRA ATTIE: 083 261 9863
www.valtrac.co.za Valtrac South Africa Valtrac

Prices valid while stock lasts.
Some product images are for illustration purposes only.
Errors and omissions excepted. Terms and conditions apply.

Parys: **Johan** 071 671 8080
Frankfort: **PJ** 079 378 3136
Eastern Cape: **Henry** 064 852 9274
Hartswater: 082 613 8394
KZN North: **Johan** 084 442 7838
KZN Midlands & Costal: **Pieter** 067 416 8244

KZN: **Bray** 082 326 5473
KZN Berg: **Gerhard** 082 890 6928
Reitz: **Jaap** 082 824 6440
Bethlehem: **André** 082 940 1696
Limpopo: **Pierre** 082 543 4146
North West: **Giel** 082 921 6321
Mpumalanga: **Wayne** 064 942 1459
Namibia and Botswana: **Tom** 082 928 1775



# Beste ProAgri-leser,

Die somer son is weer hier en bring met hom daardie heerlike belofte van 'n nuwe seisoen. Elke oggend se sonsopkoms voel soos 'n sagte herinnering dat die winter sy tasse pak en dat die warmer dae op ons wag. Dit is 'n tyd van hoop…hoop vir nuwe plantseisoene, vir vars groei, met soveel verwagting na uitsien. Mag hierdie nuwe seisoen vir jou 'n tyd van oorvloed en seën wees, ons bid en vertrou saam met jou vir daardie broodnodige reënbuie wat die lewe weer in die lande sal bring.

Vir ons by ProAgri is hierdie maand egter ook 'n tyd van diepe refleksie en rou. Ons harte is swaar nadat ons moes afskeid neem van 'n groot reus in ons span, oom Buks Barnard. Vir ons was oom Buks veel meer as net 'n taalversorger; hy was 'n mentor, 'n vriend, en 'n man wat onwrikbaar vir Afrikaans gestaan het. Hy was 'n gesoute joernalis met 'n onmiskenbare liefde vir die landboubedryf en sy taal. Min mense het soveel trots in Afrikaans gedra soos hy. Sy nalatenskap sal vir altyd in ProAgri se bladsye leef en sy passie sal ons bly inspireer om elke uitgawe met dieselfde toewyding en liefde vir taal en landbou aan jou te bring.

In hierdie uitgawe bring ons vir jou 'n paar lekker leesstories en nuusbrokkies uit die landbou-wêreld. Op ons voorblad kyk ons na Jupidex se Andreoli 2000L ECO VAC-spuite wat nuwe standaarde in Wes-Kaapse proewe stel.

Verder deel ons 'n opsomming van die sesde NAMPO Kaap, wat van 10 tot 13 September te Bredasdorp aangebied is. Hierdie jaar het die skou 'n rekordgetal van 49 326 besoekers gelok en die geleentheid het weer bewys dat dit een van die toonaangewende platforms vir landbou in die Wes-Kaap is. Lees meer op bladsy 25.

Ons kyk ook na Mahindra Trekkers se groot aankondiging by NAMPO Kaap: hulle nuwe telematika sagteware program, AgriWys, wat boere nuwe insigte en beheer gee oor hul vloot en bedrywighede. Lees meer op bladsy 29.

Mag hierdie uitgawe vir jou inspirasie bring, jou bemagtig met kennis, en jou herinner dat landbou in Afrika 'n storie van hoop en volharding is, ongeag die uitdagings wat voorlê. Lekker lees!

**Landbou groete!**
**Bianca Henning**
**bianca@proagri.co.za**

## Inhoudsopgawe / Contents


**Voorbladartikel**
2. Andreoli 2000L ECO VAC-spuite stel nuwe standaarde in Wes-Kaapse proewe

**Meganisasie**
4. Skiet in die kol met CASE IH se "Sniper-opleiding" vir jou boerdery
7. New Holland vier 50 jaar van oesmasjien-innovasie

**Hulpbronbestuur**
11. The JAECOO J7 SHS is not just an SUV, it is statement
12. ProAgri groet 'n reus: Huldeblyk aan Buks Barnard
15. Vuur – 'n werklikheid waarmee elke boer moet rekening hou


**Gewasproduksie**
19. Kuilvoer: Snyvenster-voorspelling
23. Irrigation innovation by Irrigation Unlimited to increase your yield

**NAMPO Kaap**
25. NAMPO Kaap 2025 breek rekords en versterk die toekoms van Landbou
29. Mahindra bring slim boerdery na jou plaas met AgriWys
33. TVH: Keeping South African farmers moving with quality parts and smart solutions


**Vee en Wild**
34. Vriend of vyand deel 1: Rooijakkals
37. Volstuisbedryf 'hou kop bo water'



4


11


15


19


25

## Op ons voorblad

**Jupidex se Andreoli 2000L ECO VAC-spuite stel nuwe standaarde in doeltreffende en presiese bespuiting. Blaai na bladsy 2 vir meer.**





ProAgri
Posbus 72707, Lynnwoodrif /
Rossouwstraat 577
Die Wilgers, Pretoria
079-515-8708
www.proagri.co.za



Copyright © 2025. All rights reserved. No material, text or photographs may be reproduced, copied or in any other way transmitted without the written consent of the publisher. Opinions expressed are not necessarily those of the publisher or of the editor. We recognise all trademarks and logos as the sole property of their respective owners. ProAgri shall not be liable for any errors or for any actions in reliance thereon.


## ProAgri


**Redakteur tydskrif en aanlyn**
Bianca Henning > 082-326-2572 bianca@proagri.co.za

**Verslaggewers**
Natasha Pretorius > 083-468-2653 natasha@proagri.co.za
Jaco Cilliers > 071-893-6477 jaco@proagri.co.za
Benine Ackermann > 073-105-6938 benine@proagri.co.za

**Bemarkingsbestuurder**
Diane Grobler > 082-555-6866 diane@proagri.co.za

**Bemarkers**
Xander Pieterse > 062-391-6507 xander@proagri.co.za
Tiny Smith > 082-698-3353 tiny@proagri.co.za
Kevin Greef > 078-374-8597 kevin@proagri.co.za
Sheré Holtzhausen > 084-560-0123 shere@proagri.co.za

**Skeppende bestuurder**
Michelle Kruger > michelle@proagri.co.za

**Uitleg en ontwerp**
Anja Oosthuizen, Jamie-Lee Botha & Cara Watson

**Kliëntverhoudingsbestuurder**
**Navrae**
Engela Botha > 084-088-0123 engela@proagri.co.za

**Rekeninge**
Ronel Schluter > accounts@proagri.co.za

**Verspreiding en intekening**
Nita Volmer-van Zyl > 079-515-8708 nita@proagri.co.za


**Sakebestuurder**
George Grobler

# Andreoli 2000L ECO VAC-spuite stel nuwe standaarde in Wes-Kaapse proewe

**Artikel verskaf**

**Onlangse onafhanklike proewe wat in Citrusdal uitgevoer is, het resultate gelewer wat produsente beslis sal wil sien. Die Andreoli ECO VAC-spuite herdefinieer wat presisie-spuiting vir wingerde en boorde beteken.**








## Bewys in onafhanklike toetse


Toe die ECO VAC onder plaaslike toestande getoets is, het dit konsekwent uitstekende bedekking van die blaredak behaal. Volgens die DROPSIGHT-data dui die resultate daarop dat die gehalte van die afsetting op die blaaroppervlaktes van 'n uiters hoë waarde is. Die standaardafwykings tussen die toetse toon ook 'n besonder hoë konsekwentheid van die afsetting oor die hele teikenarea.


Tydens die proewe is die spuiters getoets vir hul doeltreffendheid teen tot 30% laer spuitvolumes (L/ha). Die %FPC wat met DROPSIGHT gemeet is oor drie verskillende toepassings, het 'n minimum van vier uit ses punte binne 95% van die standaardafwykings getoon, terwyl die oorblywende twee binne 68% van die standaardafwykings geval het. Dit het gelei tot 'n prentjiemooi bedekking, sonder die ongewenste afloop wat waardevolle chemikalieë mors.

## Tegnologie wat die verskil maak

Wat die ECO VAC-spuit uitlig, is sy unieke benadering tot lugvloei en doeltreffendheid. Die spuiter se frontale suigstelsel trek slegs skoon lug in, wat voorkom dat chemikalieë hersirkuleer en dat blare die stelsel blokkeer. Van daar af word die lugvloei met perfekte links-na-regs simmetrie versprei, en die herwinningsuitlate verseker dat selfs die boonste dele van die boomrye bereik word.

Produsente kan ook die spuitpatrone fyn instel danksy verstelbare rigtingsvinne, wat aanpas by verskillende gewasse en blaardakke. Omdat die waaierstelsel verfyn is met behulp van gevorderde rekenaarvloeidinamika *(Computational Fluid Dynamics)*, lewer die ECO VAC meer lugvloei sonder om meer krag te gebruik. Die resultaat is 'n spuiter wat kragtig, doeltreffend en koste-effektief is.






**Die uitlaat is eenvormig versprei oor die uitlaatgedeeltes, wat perfekte simmetrie in lugvloei aan die linker- en regterkant verseker.**

## Meer as net werkverrigting

Vir produsente strek die voordele veel verder as indrukwekkende toetsresultate. Die ECO VAC help om chemikaliegebruik te verminder, dravermoë koste te verlaag en die omgewing te beskerm deur wegdrywing en vermorsing te beperk. Hierdie kombinasie van volhoubaarheid en winsgewendheid is presies wat moderne landbou vereis.

## ’n Slimmer keuse vir Suid-Afrikaanse produsente

Die Wes-Kaapse proewe bevestig wat Andreoli en Jupidex nog altyd geglo het: die ECO VAC-spuite is nie net betroubaar nie, maar werklike markleiers. Deur Italiaanse ingenieursuitnemendheid te kombineer met bewese werkverrigting onder Suid-Afrikaanse toestande, kry produsente die gereedskap om produktiwiteit te verhoog, gewasgesondheid te beskerm en slimmer te spuit vir die toekoms. Met die Andreoli 2000L ECO VAC werk elke druppel harder.

Vir meer inligting oor Andreoli-spuite, skakel Jupidex by (+27) 33 386 3574 of stuur ’n e-pos aan info@jupidex.co.za of besoek hul webwerf by www.jupidex.co.za.



# Skiet in die kol



## met Case IH se "Sniper" opleiding.

deur Natasha Pretorius





Die Case IH 'snipers' Riaan Leonard en Dries du Preez.

'n Goeie skerpskutter of te wel 'sniper' is nie net elke keer akkuraat nie maar hulle is geduldige, presiese en veerkragtige mense. Hulle moet hulle terrein, hulle teiken en hulle wapen goed ken.

Vir die afgelope drie jaar het Case IH hulle skerpskutters opgelei om veerkragtige en doelgerigte verkoopspersone te wees wat hulle produkte en die belange van die boer ken en verstaan.

In 2023 het Case IH hulle 'Sniper' presisie-tegnologie opleiding begin aan



bied vir handelaars regoor Suid Afrika en Afrika. Die naam is geïnspireer deur Suid-Afrikaners se liefde vir jag, en terwyl die Amerikaners 'n soortgelyke opleidingsessie genaamd 'Top Gun' aanbied, het 'Sniper' net beter by die Suid-Afrikaanse kultuur en mark gepas.

## Die waarde van 'n Case IH-skerpskutter

Hierdie sniper-opleidingsweek bied 'n gefokusde benadering tot presisie-tegnologie in 'n landboumark waar die meeste vervaardigers se masjinerie reeds op gelyke vlak is in terme van enjinvermoë, hidrouliese vloei en transmissie tipes. Die werklike verskil kom egter in by die diens wat deur die handelaars gelewer word en die gehalte presisie-tegnologie wat beskikbaar is.

Tydens die jaarlikese sniper-opleiding word beide hierdie aspekte aangespreek in 'n vyf dae lange opleidingssessie.

Die eerste drie dae fokus op die tegniese opleiding en kennis van die Case IH presisieprodukte en die laaste twee dae fokus op die verkoop van hierdie produkte. Die opleiding bestaan uit 'n kombinasie van teorie en fisiese ervaring.

In die afgelope drie jaar het hierdie opleidingsweek elke jaar net gegroei en waar opleiding in 2023 sowat met 70 deelnemers begin, was daar hierdie jaar sowat 180 kursus gangers.

Die basiese beginsels van die masjiene verander nie elke jaar nie maar die sagteware en tegnologie ontwikkel wel. Hierdie tipe ontwikkeling maak die produk weer byna nuut daarom is dit vir Case IH noodsaaklik om die handelaars elke jaar op die kruin van die golf te hou. Dit verseker dat hulle 'snipers' altyd skerp bly.

## Opleiding met 'n verskil

Die sniper-opleiding sluit ook elke jaar 'n groep internasionale spesialiste van Europa en Brittanje in.

Hierdie produkspesialiste, sagteware-ingenieurs en toepassings- en integrasie-kenners help om die groot getalle deelnemers op te lei en gee handelaars die kans om direk met die mense agter die tegnologie te verbind.

Die gebruik van internasionale Case IH-spesialiste beklemtoon ook die erns waarmee die EMEA-bestuur die belangrikheid van hierdie sniper-opleiding beskou. Handelaars vanuit Suid-Afrika, Tanzanië, Zambië,






'n Groep deelnemers leer meer oor Presisie Spuittegnologie saam met Skolla en Arjan.




**Deelnemers probeer die Presisie-tegnologie stoelsimulator om 'n werklike ervaring van die tegnologie te kry wat in die kajuit van toerusting geïntegreer kan word.**




Zimbabwe, Kenia en Mauritius het reeds die opleidingsgeleentheid benut.

## Gespesialiseerde presisie-kennis

Die sniper-opleidingsweek word in ses verskillende stasies ingedeel elk met sy eie spesifieke fokus.

**Stasie 1: Case IH FieldOps**
Hier het Esmond Coen die prosesse rondom masjienregistrasie, kliënteprofiele en die gebruik van Case IH FieldOps verduidelik. Die opleiding het telematika en agronomiese data asook die beskikbaarheid via slimfone, tablette of rekenaars bespreek.

**Stasie 2: eTim, Raven Portal en sagteware-opdaterings**
Mellisa Allen en Jan Hendrik De Kock van die naverkopespan het kursus gangers gewys hoe om sagteware en nodige inligting vir Case IH en Raven-presisietegnologie te verkry en te laai. Die sleutel tot die sukses by hierdie stasie was om seker te maak alle deelnemers weet presies hoe om opgradeerings te doen en waar om die nodige ondersteuningsmateriaal te verkry.

**Stasie 3: Autoguidance en Aftermarket Guidance**
Hier het Frikkie Bronkhorst en Silvan Kolk van Raven Europa gefokus op veld- en rigtingpatrone, skermfunksies en die integrasie van Case IH se GPS-ontvangers. Die opleiding het praktiese demonstrasies van Retrofit-stelsels op oopstasie- en intreëvlakmasjinerie ingesluit.

**Stasie 4: Toepassingstegnologie (Application Control)**
Nico Myburgh, hoof van Presiesie tegnologie het Raven se nuutste oplossings deur gehardloop, dit het retrofit Hawkeye II-spuitstelsels met Spot Spray en RCM-beheerstelsels op planters en strooiers ingesluit. Handelaars kon die tegnologie prakties beleef.

**Stasie 5: Guardian- en Patriot-spuite**
Skolla Pieterse en Arjan Uijterlinde van Raven Europe het Case IH se spuitsegment uitgelig met die Case IH Patriot-modelle. Opleiding het onder andere gefokus op die Hawkeye II-stelsel (Aim Command Flex II / Intellispray II) en VSN, 'n kamerasisteem vir rybeheer.

**Stasie 6: OnBoard Case IH FieldOps Data Management**
John Downes van Case IH Europa het deelnemers gewys hoe data in twee rigtings tussen Case IH FieldOps en Case IH- of Raven-skerms vloei. API-integrasies met derdeparty-sagteware is ook hier bespreek en deur gewerk.

## Hoekom bevoordeel hierdie opleiding die boer?

Die voordeel wat die boer uit hierdie tipe opleiding put is dus eenvoudig, hoe meer kundiges daar in die veld is, hoe vinniger word probleme opgelos en hoe beter is die algehele gebruikerservaring.

Tydens die opleidingsweek kry die hele Case IH-span, van werkswinkelpersoneel tot verkoopsmanne die geleentheid om die basiese werking van die stelsels te verstaan.

Hierdie kennis wat gedeel word, beteken dat die boer uiteindelik die wenner is.

## Sniper van die jaar

Om dinge ekstra interessant te maak vir die Sniper-deelnemers elke jaar, word daar aan die einde van hierdie opleidingsweek twee Snipers van die jaar aangewys.

Finaliste en wenners word gekies op grond van faktore soos begrotings, handelaars grootte, produk ondersteuning, tegniese verslae, bemarkingspogings en samewerking met die heelgoedere-spanne. Dus word die wenners saam deur beide die kommersiële- en tegniese spanne gekies.

**Die Sniper wenners is:**

- In die tweede plek vir verkope: Miguel Rebelo van Rebelo Agriculture Machinery, in Tarlton.
- In die tweede plek vir tegniese kennis: Dries du Preez van Viltrac, in Viljoenskroon.
- Die algehele wenner is Riaan Leonard van Middelburg Case International.

## Nog 'n suksesvolle opleidingsessie agter die rug

Die groei wat hierdie opleidingsweek oor die afgelope paar jaar gewys het dui daarop dat hierdie tipe opleiding waardevol en belangrik is. Hierdie jaar was geen uitsondering nie en volgens Frikkie Bronkhorst, Case IH presisieboerdery spesialis vir die Midde Ooste en Afrika, was die terugvoer van beide handelaars en personeel na die week uiters positief.

"Case IH is dankbaar teenoor EMEA-bestuur vir die befondsing, en vir die handelaars wat voluit deelgeneem het. Die kern lesse wat ons van die opleiding kon weg vat was dat daar 'n groot vraag na meer sulke opleidingsessies is. Die honger na kennis is duidelik, en die Sniper-opleiding is die perfekte platform om dit te voed," sê hy.




VERSKEIE FINANSIERINGSOPSIES BESKIKBAAR

2-JAAR PREMIES
0% RENTE
30% Deposito

3-JAAR PREMIES
PRIMA -6.75%
20% Deposito

Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:
Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga
Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap
Eduan Booyens (071 871 8163) - Noordwes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

NEW HOLLAND
SAAM JOU, SEISOEN NA SEISOEN

CNH CAPITAL
In alliance with WesBank

*Bepalings en voorwaardes geld

Vir huidige aanbiedinge besoek newhollandag.co.za

Volg ons op
www.newholland.com/za

WesBank - 'n afdeling van FirstRand Bank Bpk. 'n Gemagtigde Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer. NCRCP20

Tindrum 25/137RR

# New Holland vier 50 jaar van oesmasjien-innovasie




**deur Derrick Coetzee, produkbemarkingspesialis van New Holland Suider Afrika.**

Sedert 1975 is New Holland se Twin Rotor™-stropers die onbetwiste markleiers in terme van kragdoeltreffendheid, kapasiteit, graan- en strooigehalte. Ons vier 50 jaar van voortdurende ontwikkeling en verbetering van die CR-stroperreeks, toegerus met die nuutste tegnologie vir voortreflike kraguitset, werkverrigting, kapasiteit, en graan- en strooi-gehalte.

Binne die New Holland CR Revelation-stroperreeks bied ons 'n verskeidenheid stropers wat aangepas is vir jou oesbehoeftes — van die oppervlakte wat geoes moet word, die kopbreedte wat benodig word, tot spesifieke vereistes en die beskikbare oesvenster om jou waardevolle gewas van die land af te kry.

## Top Materiaalvloei

Die Dynamic Feed Roll™ (DFR) bevorder materiaalvoering en verseker 'n konstante materiaalvloei na die Twin Rotor™, wat 'n kragbesparing van 7 perdekrag (5,2 kW) en 'n kapasiteitsverhoging van tot 10% meebring. Met die reguit en egalige vloei van materiaal deur die TwinPitch Rotors™ word die skoonmaakoppervlak egalig belas vir optimale skeiding van gewas en materiaal.

Die DFR verseker lineêre spoedaanpassing tussen die werkmodules om selfs groen en nat materiaal te verwerk. Dit beteken boere kan vroeër soggens en later saans oes. Diep gesnyde skoppe van die DFR dien ook as klipbeskerming om die gewasvloei-komponente te beskerm.

Die TwinPitch Rotor™-stelsel is ontwerp vir twee belangrike voordele: Die rotors se hoë spoed rasperstawe met die eier-vormige konkaaf opening laat genoeg spasie toe vir 'n gewas-op-gewas dorsaksie wat baie sagter is as gewas-op-konkaaf dorsaksie. Die ontwerp verseker 'n doeltreffende dorsaksie, veral met hoë opbrengste.

Om die beste strooi-gehalte en brandstofverbruik te verseker, is dit krities dat die gewas die regte tyd binne die stroper bly – daarom is die CR-stropers toegerus met die korter 2,64 m rotorontwerp. Met die kombinasie van TwinPitch Rotor™ en Dynamic Flow Control™ is daar 'n beduidende besparing op brandstof en die beste strooi-gehalte.

## Skoonste graanmonster in sy klas

Die Opti-Clean™-skoonmaakstelsel verseker optimale skeiding tussen skoon graan en ander materiaal. Dit werk binne sy eie raam en kan die stelsel gelyk hou selfs al kantel die stroper tot 17 grade, wat dit ideaal maak vir beide gelyke en ongelyke werkoppervlaktes.

Opti-Fan™-tegnologie kompenseer vir die effek van swaartekrag op gewasmateriaal. Wanneer die stroper op 'n gelyke vlak oes, kan die verlangde waaier spoed gekies word. Die waaier spoed word ook outomaties aangepas wanneer teen 'n helling op of af beweeg word.

Die RotoThresh™-herdorsstelsel werk buite die hoof dorsarea om maksimum kapasiteit vir alle gewasse te verseker. Na die herdorsproses word die gedorsde gewas met skoppe terug na die skoonmaakarea gestuur en nie na die hoof dorsarea van die rotors nie, wat die hoof dorsarea nie oorlaai of graan beskadig nie.

## Superieure kajuit

Die stroper se kajuit is ergonomies maar eenvoudig ontwerp. Alle funksies is maklik om op te stel, met alles wat nodig is om beheer te behou en die werk met 'n druk van 'n knoppie te doen – niks meer en niks minder nie.

Elke aanpassing of aksie wat tydens die dorsproses benodig word, kan vinnig gedoen word, terwyl alle nodige inligting op die Intelliview IV™-monitorskerm verskyn. Vanuit die kajuit het die operateur 'n duidelike 180 grade uitsig oor die materiaalinvloei na die stroper.

## Outomatisering

Die Intellisense™-stelsel van New Holland is die antwoord op die groeiende vraag na modernisering. Intellisense™ stel die stroper in staat om proaktief elke 20 sekondes te reageer en aanpassings te maak uit 280 miljoen moontlikhede. Intellisense™ bevat die sifladingsensor wat saam met die Grain Cam™ werk om nodige aanpassings te maak volgens die berekende strategie.

Die Intellisense™-stroperoutomatiseringstelsel bied ongeëwenaarde operateursgerief en verhoog die stroper se werkverrigting met tot 20% gedurende lang werksure wanneer operateurkonsentrasie nie altyd op 100% is nie. Terwyl Intellisense™ die nodige aanpassings hanteer, kan die operateur fokus op materiaalvloei, draai by wenakkers en die uitlaai van die graantenk.

## NAMPO Kaap 2025

Kom besoek die New Holland-standplase 71, 72, 73, 76, 77 en 78 by NAMPO Kaap 2025 en verwag om verstom te wees deur die vertoning

# EFFICIENT GROUND PREP






# EFFICIENT PLANTING







# EFFICIENT WEEDING



Ferrari GROWTECH
*veg equipment innovators*



REBELO
AGRICULTURAL GROUP

**CONTACT US**
011 613 7438
082 716 1664
072 525 9047

**VISIT US AT**
www.rebelo.co.za
@rebeloagri
@Rebelo Agricultural

**PARTNERED WITH THOSE WHO FEED THE NATION!**



**Die nuutste generasie CR-stropers neem strooptegnologie na die hoogste vlak.**

van die monsteragtige Next Level CR10-stroper en die Braud 8.50L Kompakte Driuwe-oesmasjien.

Die CR10-stroper is ’n heeltemal nuwe argitektoniese ontwerp om die totale koste van oes te verminder. Die ontwerp is gebaseer op vier spesifieke pilare om ’n masjien te bied wat hoogs produktief is met die 635hp Cursor 13-enjin wat die 2x24" Twin Rotor™-dorsstelsel aandryf. Die ontwerp sluit ook die Twin-Clean™-geslote kring-skoonmaakstelsel in wat uitsonderlike graankwaliteit en minimale verliese verseker.

Die residubestuurstelsel is aansienlik verbeter met die IntelliSpread™-radarstelsel wat ’n effektiewe materiaalverspreiding van tot 18m kan bied.

Die 8.50L Kompakte Driuwe-oesmasjien is toegerus met die BRAUD-funksies wat jy ken en vertrou, en is herontwerp en verbeter. Shaking Dynamic Control laat fyn afstelling van die roeraksie toe om by die gewas en toestande te pas. Die hoë kapasiteit Noria-mandjievervoerbandstelsel – ’n kenmerk van BRAUD-masjiene sedert 1979 – gee hierdie masjiene al die kapasiteit wat nodig is om die inkomende gewaslading te hanteer, maar met die respek vir die wingerde van ’n menslike plukker.

Opti-Grape™ II kombineer vingerrotors wat oor ’n gaas werk vir volledige ontstingeling met ’n turbine-gegenereerde lugvloei wat ’n lugkussing skep vir deeglike verwydering van blare, stingelmateriaal en gedroogde druiwe. Die resultaat? Maksimum opbrengste van hoë gehalte geoesde vrugte.

## New Holland: Saam jou, seisoen na seisoen.





50 Jaar BRAUD



**Die nuwe BRAUD 8.50L kompak druiwe-oesmasjien is nie net doeltreffend nie, maar ook slim ontwerp vir die kompleksiteit van moderne wynboerdery.**

Vir meer inligting besoek www.newholland.com/za of kontak vir Derrick Coetzee by (+27)82-524-7447.


NEW MARKET MOTOR CO.
START / FINISH
OMODA | JAECOO
ALBERTON
COMBINED RANGE
UP TO 1 100KM
NOW AVAILABLE FROM
R999 000*
24 HR TEST DRIVE
*T's & C's Apply
Exclusive to OMODA Alberton
C9
PHEV
A NEW CLASS OF HYBRID
A NEW STANDARD OF LUXURY
OMODA JAECOO ALBERTON
087 803 1108 | www.omodajaecooalberton.co.za
*T's & C's Apply. E&OE

# The JAECOO J7 SHS is not just an SUV, IT IS STATEMENT

By Natasha Pretorius

The JAECOO J7 SHS doesn't whisper luxury, it shouts it with confidence. From the moment you lay eyes on this vehicle, you just know this isn't your average plug-in hybrid. With its sleek body and bold features, it has come to impress.




## Power that packs a punch

The J7 SHS is a hybrid that packs a punch, the combination of the 1,5 l turbocharged petrol engine and the electric motor deliver an exhilarating 255 kW of combined power and 525 Nm of torque. This means instant acceleration, smooth cruising, and enough muscle to tackle any terrain. With a range of up to 1200 km on a full tank and full charge, you can go the distance without constantly hunting for a fuel station. All this and it still only uses 4,7 l of fuel per 100 km.

## Designed to turns heads

This SUV isn't just functional; it is a showstopper. The full width 'Crystal Array' LED taillights give it a futuristic glow, while the LED headlights light up the road with precision. Hidden door handles keep the body lines clean and sleek, and the floating roof adds a touch of drama. It's got that silhouette that says, "I'm going places," while the 19" alloy wheels provide a sporty edge.

## Technology that just gets you

On the inside, the J7 SHS feels like you are stepping into your own personal command centre. With wireless charging, Android Auto™ and Apple CarPlay® you are prepared for any road trip. The heated and cooled seats ensure you are always comfortable, no matter what the weather outside is like. There's a panoramic camera for full visibility, a head-up display to keep your eyes on the road, and ambient lighting that sets the mood just right. It's smart, intuitive, and built for the way you live.

## Always safe

Driving the J7 SHS feels like having a co-pilot always watching for signs of driver fatigue, keeps you centred with lane assist, and adjusting your speed with adaptive cruise control. The all-wheel drive and sturdy build mean you're ready for anything, from city potholes to gravel backroads.

Drive modes for every mood, this J7 SHS is adaptable with four intelligent modes, full electric, series hybrid, parallel hybrid, and energy recovery. The J7 SHS knows when to save energy and when to unleash power. Regenerative braking feeds energy back into the battery, so even slowing down feels productive. Whether you're cruising through traffic or exploring off the beaten path, this vehicle adjusts to your vibe.

## Quick charge for a long drive

Charging is quick and painless, just plug into a 40 kW station and you'll go from 30% to 80% in just 20 minutes. While a full charge on a 6,6 kW station takes about 160 minutes, which gives you just enough time to catch up on emails, grab lunch, or plan your next adventure.

The JAECOO J7 SHS is not just the future of driving, it is the perfect partner for all your future adventures. The team at JAECOO Alberton recently launched this amazing new vehicle on their showroom floor and visitors were very impressed.



**Save and fuel during long road trips with the combination of a turbocharged petrol engine and an electric motor.**



**The inside of the JAECOO J7 SHS is like having your own personal co-pilot, packed with technology and comfort.**

**If you are interested in the JAECOO J7 SHS you can visit their website at www.omodajaecooalberton.co.za.**

# ProAgri groet 'n reus: Huldeblyk aan Buks Barnard

## 31 Desember 1952 – 9 Augustus 2025

Op 14 Augustus, Afrikaanse Taaldag, het een van die vurigste taalvegters van ons tyd tot rus gekom. Ons geliefde oom Buks Barnard, jare lange taalversorger, redigeerder, mentor en vriend, het 'n groot leemte by ProAgri en in die Afrikaanse gemeenskap gelaat.

Vir ProAgri was oom Buks veel meer as net 'n taalversorger. Hy was 'n gesoute joernalis, 'n ware kampvegter vir Afrikaans, en 'n man met 'n hart wat klop vir sy naaste, sy taal en sy boerevolk. Daar was min mense wat so trots en so lief vir Afrikaans was soos hy.





Die afgelope jare het oom Buks sy hand veral aan die taalversorging van ons tegniese artikels gesit. Wanneer ons hom besoek het op sy kleinhoewe naby Cullinan, het ons altyd geweet ons gaan nie net sy hulp met woorde kry nie, maar ook sy wysheid en sy geselskap.

Sy kleinhoewe was die tuiste van sy geliefde "Dom Boer se Boekboerdery" – 'n merkwaardige versameling van duisende Afrikaanse boeke. Elke vertrek was oorvol, rakke tot teen die plafon, en onder die koeltebome kon jy ure sit en lees. Hy was trots daarop, net soos 'n stoetboer op sy diere trots is.

Oom Buks het met sy tipiese humor gesê: "Ek het destyds besluit om die eenvoudigste beroep te kies: werk net met 26 lettertjies, waarvan jy vier nie eens in Afrikaans gebruik nie, en dan is mense gaaf genoeg om my daarvoor te betaal."

Sedert 1994, die ontstaan van ProAgri, het hy sy kennis en liefde vir die landbou en die Afrikaanse taal ingespan. Hy het as spesialis-skrywer, taalversorger en redaksionele steunpilaar gedien, altyd met die belofte dat hy sal aanhou werk "tot die dag wat ek nie meer kan nie." En so was dit ook. Tot sy laaste dae het hy getrou en met toewyding bygedra tot die inhoud wat ons vandag met trots aan ons lesers bied.



Oom Buks was 'n eenvoudige man wat vreugde gevind het in die natuur, sy diere en die stilte van sy kleinhoewe. Sy hond Simson, sy kat Kaatjie, sy hoender Skapie en die tarentale, ganse en steenbokkies wat saam op die plaas gewoon het, was deel van sy rustige bestaan. Hy het min waarde aan aardse besittings geheg...sy rykdom was sy kennis, sy boeke, en sy liefde vir sy taal en sy mense.

Vir ons, die ProAgri-span bly sy voetspore diep getrap.














Vierkleur is a sticker of content

Liewe oom Buks, dankie vir elke sin wat oom mooier gemaak het, elke artikel wat oom versorg het, elke gesprek wat ons gehad het. Ons dra die fakkel van ProAgri verder – vir oom, vir Afrikaans, vir ons boere.

## Tot ons mekaar weer sien, rus sag, liewe oom Buks.










ALLE TREKKERS

# DIE WYSE KEUSE

BELÊ IN 'N NUWE

FENDT

5 JAAR
5000 URE

VOLLE VERVAARDIGER
WAARBORG

Meer inligting?
**www.fendt.com/za**
africasales@agcocorp.com

LEIERS BESTUUR
FENDT

# Vuur – 'n werklikheid waarmee elke boer moet rekening hou

**deur Bianca Henning**

Veld- en plaasbrande is 'n jaarlikse werklikheid in Suid-Afrika. Of dit nou die droë winde van laat winter is, of die warm somerdae wat vonke en ongelukke aanwakker...vlamme kan binne minute 'n hele boerdery bedreig.

Elke boer weet: vuur respekteer nie heinings of grense nie. Daarom is dit noodsaaklik dat boere nie net op seisoene staatmaak nie, maar die hele jaar deur 'n brandplan, toerusting en opleiding gereed het om vinnig en doeltreffend op te tree.

### Die waarde van vuurbestuur

Alhoewel vure vernietigend kan wees, het dit ook 'n plek in plaasbestuur. Beheerde brande kan:

- Ou brandmateriaal verminder,
- Plantgroei stimuleer,
- Help met bos- en uitheemse plantbeheer,
- Die biodiversiteit van plante, diere en insekte ondersteun.

Maar, só 'n strategie werk net as dit beplan en onder die regte omstandighede toegepas word.



**Brandbestrydingseenheid.**

### Wat sê die wet?

Volgens die National Veld and Forest Fire Act (1998) moet elke grondgebruiker aan die volgende voldoen:

- Brandbane moet gevestig en instandgehou word.
- Opleiding vir werkers is verpligtend.
- Die nodige toerusting en beskermende klere moet beskikbaar wees.

'n Beheerde brand sonder behoorlike toerusting, kennis en voorbereiding kan vinnig in 'n ramp ontaard en jou as boer aan die verkeerde kant van die wet laat beland.

### Brandbane – jou eerste linie van verdediging

Brandbane is nie net wetlik verpligtend nie, dit is jou eerste skild teen vernietigende vure. 'n Brandbaan:

- Beskerm jou bates,
- Gee toegang aan voertuie en mense om 'n brand te beheer,
- Kan gebruik word om 'n weghol-vuur te stop,
- Verdeel jou plaas in kleiner, beheerbare eenhede.

Sonder brandbane is 'n plaas blootgestel en word die kans om 'n brand onder beheer te bring, drasties verminder.



**Brandbane beskerm jou eiendom en bates.**








**Toerusting wat deur brandbestryders gebruik word.**



**Brandbane gee toegang aan voertuie.**



**Brandbane help om weghol brande te stop.**



**Brandbane kan jou plaas in kleiner beheerbare dele verdeel.**


www.faw.co.za
JH6 28.550FT AMT
DRIVING AFRICA FORWARD
Setting a new benchmark in trucking – advanced safety, premium comfort, and unmatched performance, all standard.
FAW
JH6
A PRODUCT OF FAW
550HP
550Hp engine with 2,600Nm torque for peak performance.
Advanced Emergency Braking System
Electric Stability Control
Forward Collision Warning
FAW TRUCKS SOUTHERN AFRICA
Head office:
45 Brabazon Road, Isando, Gauteng | marketing@faw.co.za
SCAN THE QR CODE TO CONTACT US




**Blokbrande.**

**Blokbrande – aktiewe bestuur van jou veld**

Blokbrande bly een van die doeltreffendste maniere om vuur te bestuur. Dit is 'n vorm van aktiewe bestuur wat:

- Uitheemse en probleem-plante beheer,
- Net 'n gedeelte van die plaas op 'n slag brand,
- Diere kans gee om na veiligheid te vlug,
- Jong en ou plantegroei in mosaïek-patrone laat ontwikkel.

Belangrik: blokbrande moet net uitgevoer word onder die regte weerstoestande en deur mense met die nodige kennis en ervaring. 'n Goeie riglyn is dat 'n omgewing nie weer binne drie jaar gebrand moet word nie. Binne vyf jaar moet ongeveer 'n derde van jou plaas gebrand wees, maar in afwisselende blokke om biodiversiteit te behou.

**Vuurintensiteit – watter faktore tel?**

Die intensiteit van 'n vuur word bepaal deur:

- Hoeveel brandbare materiaal in die veld is,
- Die voginhoud van die plante,
- Lugtemperatuur,
- Humiditeit,
- Windspoed,
- Terrein en hellings.

'n Vuur wat teen 'n heuwel opdraand trek in sterk wind, is byvoorbeeld amper onkeerbaar.

**Die risiko's van verkeerde vuurbeheer**

Te veel of te min brande kan net so skadelik wees:

- Sekere probleemplante word juis gestimuleer deur vlamme.
- 'n Afname in spesies (plante, diere en insekte) kan plaasvind.
- In sekere gebiede kan herstel van plantegroei jare neem.

'n Ongebalanseerde vuurplan kan dus jou veld en jou boerdery duur kos.

**Grond en geboue – moenie net op jou lande fokus nie**

Vuurrisiko lê nie net in die veld nie, maar ook in jou bouwerke. FPA Nylstroom waarsku dat boere ook hul werf en geboue moet beskerm.

'n Paar sleutelpunte:

- Hou vegetasie kort en skoon rondom huise, stoorplekke en krale.
- Bou met brandbestandige materiale waar moontlik.
- Hou dakke en geute skoon – brandende puin wat deur die wind waai is 'n groot risiko.
- Hou aktiewe brandbestrydingstoerusting soos brandslange of ten minste brandblussers byderhand.



**Hou aktiewe brandbestrydings-toerusting soos brandslange of ten minste brandblussers byderhand.**



**Is jou brandtoerusting reg om gebruik te word?**

Selfs 'n enkele vonkie kan deur 'n oop geut of houtstruktuur 'n totale verlies veroorsaak.

**Wees paraat**


Met die droë gras, die wind en die warm dae wat voorlê, is Augustus en September voor die reën kom tradisioneel die gevaarlikste tyd vir brande. Dit is juis nou dat jou brandplan en toerusting in plek moet wees.

- Het jy brandbane in stand gehou?
- Is jou arbeid opgelei en weet hulle hoe om veilig op te tree?
- Is jou toerusting reg vir gebruik?
- Het jy 'n plan vir blokbrande om die risiko te bestuur?


**Onthou: elke plaas is uniek. Wat werk vir jou buurman, werk nie noodwendig vir jou nie. Jou beste wapen is beplanning en paraatheid.**

***Bronverwysing***


*FPA Nylstroom.*




**Sept 2024 - Vaalwater brande.**




**Sept 2024 - Alma vure.**




**Sept 2024 - Nylstroom brande.**



MAAK DIE SLIM SKUIF MET PIONEER SONNEBLOMME
Om die SLIM SKUIF met Pioneer te maak beteken om die eerste tree te gee na jou landbousukses.
Ons sonneblombasters is ontwerp met sterk agronomiese eienskappe, hoë opbrengs-potensiaal en indrukwekkende saadolie-konsentrasie, wat hulle bewese presteerders maak. Hierdie sonneblomme weet beslis hoe om uit te blink!
Werk saam met ons daaraan om die lewens te verryk van diegene wat produseer en dié wat verbruik.
Besoek Ons Webtuiste
PIONEER®
GEMAAK OM TE GROEI™
CORTEVA™ agriscience
™ ® SM Handelsmerke en diensmerke van Corteva Agriscience en sy geaffilieerde maatskappye en geregistreerde lisensiehouers © 2024 Corteva.



# Kuilvoer:

## Snyvenster-voorspelling

deur Philip Fourie,
Pioneer Landboukundige

Mieliekuilvoer is die belangrikste deel van 'n gebalanseerde voerkraal- of melkeryrantsoen. Die stysel in mieliekuilvoer is die energiebron van die rantsoen, en ook die goedkoopste vorm van stysel.

### Van die belangrikste faktore vir goeie kwaliteit kuilvoer is:

- Sny teen die regte vogpersentasie, met ander woorde die droë materiaal waarde;
- Bunkerkompaksie; en
- Die tydsduur vanaf kerf tot toemaak van die kuilvoerbunker, met ander woorde die afsluit van suurstof.

Die belangrikste faktor is egter die regte tyd vir kerf en kuilvoer maak.

Pioneer Saad het die afgelope 3 jaar ondersoek ingestel na die gebruik van 'n kuilvoermodel om snytyd te voorspel vir Suid-Afrikaanse kuilvoerprodusente.

Om die prentjie beter in te kleur is dit nodig om 'n tree terug te gee, en net eers na die agtergrond van snytyd te kyk.

### Melklyn

Om te bepaal wanneer die regte tyd is om mielies te sny, is dit nodig om vas te stel waar die melklyn op die kop is. Dit bly die maklikste, uit-die-bakkie-op-die-land manier om snytyd vas te stel. Die ideaal is om te sny vanaf 50% melklyn. Teen 50% melklyn behoort die droë materiaal (DM - waarde) 35% DM te wees.

### Wat is die nadele verbonde aan die melklyn-bepaling?

- Spilpunte is gewoonlik homogeen en maklik, maar droëlande is nie so eenvoudig nie.
- Fisiese landinspeksies vanaf dag 95 behoort 5-daagliks plaas te vind, en nader aan 50% melklyn moet inspeksies 3-daagliks gedoen word.
- Op droëland is daar heelwat variasie tussen grondvorms en potensiale, en selfs meer waar kontoere ter sprake is.

Dit bly noodsaaklik om steeds die DM toets in 'n lugbraaier of mikrogolfoond te doen. Dit bevestig hoe akkuraat die melklyn bepaal is. Die "air fryer" toets is 'n standaard manier wat gebruik word om DM vas te stel, en neem gewoonlik 30- tot 35-minute per monster.

### Goeie gehalte- en homogene kuilvoer

Goeie gehalte- en homogene kuilvoer verhoog voerinname. Die gehalte en homogeniteit verminder pH-fluktuasies in die rumen. Veranderlike pH's veroorsaak dat die diere meer tyd spandeer aan herkou om die pH te stabiliseer, wat lei tot verminderde voerinname en swakker groei of lae melkproduksie. Vra jouself af of, as jy die dier was, jy die smaakliker of minder smaaklike voer sou vreet? Jou hoofdoel as bestuurder is om maksimum voerinname te verseker.

### Snytydvenster-voorspelling

Wat is die doel agter die gebruik van Granular Link om die snytydvenster te voorspel?

1. Dis ononderhandelbaar om beter gehalte en meer homogene kuilvoer in die bunker te kry.
2. Dit verminder die logistieke nadele van land-evaluasies ten opsigte van melklynbepaling.


- Jy gaan nie fisiese melklyn-bepaling weggooi nie, maar dit eerder net op die vooruitgeskatte datums doen.
- Deur dit só te doen, is 'n addisionele kontrole wat jy vir jouself inbou om te verseker dat die model korrek is.

### Die toekoms in kuilvoerproduksie

Die model gebruik satellietbeelde vanaf dag 1, maar voorspellings vind eers plaas vanaf die 60ste dag na aanplanting. In die meeste gevalle begin ons ultra-vinnige basters in Suid-Afrika sny vanaf 106 dae, wat beteken dat die model die skattings binne die daaropvolgende 50-70 dae bepaal.

Die aanbeveling neem die volgende in aanmerking:

- Die mieliebaster wat geplant is (groeilengte)
- Die beskikbare landinligting (NDVI en ander indekse)
- Effektiewe worteldiepte (gronddiepte)
- Die weerdata tydens die groeisiklus
- Plantestand
- Besproeiing of droëland




**Figuur 1: Verskil tussen die optimale en nie-optimale snyvenster.**

SHELL
LUBRICANT
SOLUTIONS

# Driving Planting Success

## Innovative lubricant solutions to maximise your planting performance

A strong harvest begins with the planting season. When your equipment performs at its best, every seed has a greater chance to thrive. With Shell's advanced lubricant technology, your tractors and machinery run smoother, stay cleaner, and work more efficiently, helping you reduce downtime and keep your farm moving throughout the season. Choose Shell Lubricants this planting season and invest in reliability that carries you from planting to harvest. Together, we'll shape the Farm of the Future to be more productive, more efficient, and more sustainable with our low-carbon emission portfolio.

Learn more

SHELL SUPPORTING
FARM
OF THE
FUTURE




### Power. Performance. Protection.

Start Strong. Keep Every Move Precise.

Tilling. Lifting. Seeding. Spirax S3T & S4 TXM products keep your brakes responsive and your hydraulics steady, so nothing delays your planting schedule. Perfect for early season starts and multi-functional use in the machines.

### Maximum Protection. Maximum Performance.

Start Strong. Stay Protected.

Bearings and joints work overtime during planting. Gadus shields them from water, grit, and vibration, extending the equipment life and ensuring smooth operation across the field.

### Unstoppable Performance for Your Farm.

Plant with Confidence.

Your tractor's engine sets the tone for the season. Rimula R4 X keeps it clean and protected from day one with long-lasting performance in cold starts and dusty environments.

## Aanbeveling

Met alles in die vorige paragraaf in ag genome, word 'n snyvenster aanbeveel met verwysing na verskillende DM (droë materiaal) waardes.

| *32%* | *35%* | *38%* |
|---|---|---|
| 09.03.2025 | 15.03.2025 | 23.03.2025 |

## Wat is die voordele van die gebruik van die model?


- Jy kan in die gerief van jou kantoor jou snytyd begin beplan sonder om onnodige tyd op die landery self te spandeer.
- Melklyn-bepaling word dan net gebruik as bevestiging van die model se voorspelling.
- Snykontrakteurs kan voortydig bespreek word; die gehalte van die kuilvoer sal verhoog word deur dit nader aan die regte DM% te sny.
- 32% DM mag dalk net te nat wees om te begin sny, maar dit help om tydige beplanning te verbeter.

## Droëland aanbeveling

Die toekoms in mielieverbouing in Suid-Afrika lê daarin om aan die tegnologiese voorpunt te wees en daar te bly. 'n Verhoging in opbrengs vind plaas deur klein positiewe inkremente. Dis hoekom daar na presiese-verbouing oorgeskakel word, om die meeste uit ons beskikbare hulpbronne te kry.

Hoekom al die kostes en uitdagings van presisie-boerdery aangaan, en kuilvoersnytyd as minder belangrik te beskou? Dit is tyd om 'n vars uitgangspunt oor die hantering van kuilvoer te vorm.

Een so 'n voorbeeld is om gebruik te maak van Granular Link om jou snytyddatum te voorspel – dit verbeter die homogeniteit binne die kuilvoerbunker.




**Figuur 4: Dieselfde land, verdeel in snydatums volgens satellietdata.**

| | 32% | 35% | 38% |
|---|---|---|---|
| A | 23.03.2025 | 27.03.2025 | 30.03.2025 |
| B | 24.03.2025 | 29.03.2025 | 02.04.2025 |
| C | 22.03.2025 | 27.03.2025 | 31.03.2025 |

In die voorbeeld (Figuur 4) is daar nie 'n groot verskil tussen die kontoere nie, maar hoe steiler die kontoer en groter die grondverskille, hoe duideliker sal die verskille tussen die kontoere wees. Dit is duidelik dat as jy op 35% DM sou begin sny, jy eerder het aan Blok A, dan Blok C, sou begin sny, voordat Blok B sny, aangesien blokke A en C vinniger vog verloor as gevolg van omgewings- en grondverskille.

Die nadeel aan so 'n presiese sny is dat die kuilvoerbunker naby die land moet wees, en dat jy van jou eie vervoer na die bunker gebruik moet maak. Indien jy vêr is, en of jy van 'n kontrakteur gebruik maak vir vervoer, word die land voorspel as 'n geheel. As mikotoksiene vir jou as melkprodusent belangrik is, sal dit maklik wees om die kopskuif te maak.

## Uitdagings

Dis kardinaal om soveel moontlik data van verskillende mieliebasters in die model in te samel – veral die aantal dae tot blom, want die blomdatum is jou veiligheidsnet om te verseker dat die aanbeveling korrek is. Bestaande mieliebasters word deesdae baie vinnig vervang deur nuwer basters, elk met sy eie groeieienskappe.

Pioneer is besig om VT- en R6-data in die kuilvoersentra in die land te bepaal, wat ongetwyfeld toekomstige skattings sal verbeter.

**Vir meer inligting, kontak Pioneer by info.rsa@pioneer.com**



**Figuur 2: Die oorspronklike land as 'n geheel gesny.**



**Figuur 3: Dieselfde land, verdeel in snydatums, op grond van groeikondisies om optimale DM% en homogeniteit in die bunker te kry.**

IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003

# WE'RE ADDING TO OUR RANGE WITH 3 NEW INNOVATIVE PRODUCTS

New!

- BUTTERFLY & WAFER VALVES
- CAMLOCK FITTINGS
- CLAMPS
- COMPRESSION & SADDLES
- DRIPLINE IRRIGATION
- FERTILIZER TANKS
- FITTINGS FOR PVC PIPES
- FLANGES & JIS
- IRRIGATION FILTERS
- MALLEABLE FITTINGS
- MULTI-RANGE FITTINGS
- POLY PROP FITTINGS
- QUICK COUPLING FITTINGS
- QUICK COUPLING ACCESSORIES
- QUICK COUPLING HDPE SYSTEMS
- SIME GUNS
- SOLVENT WELD
- TANK CONNECTORS
- VALVES & BRASS FITTINGS
- VYRSA



## #AfriqDrip Pressure Compensating Drip Irrigation

Ideal for more advanced setups, Afriq Water's affordable, quality Pressure Compensating range is designed to deliver the same amount of water across long lateral lines – even when pressure varies. Consistent, efficient irrigation that keeps up with large-scale farms, varied topography across a field, and commercial farmers on industrial levels.



*Did you know?*

The only difference between PC and Non-PC dripline is the emitter inside that ensures a consistent flow across various different pressures.


## #AfriqDrip Labyrinth Dripline Irrigation

Labyrinth dripline has all the benefits of traditional dripline irrigation, with one major structural change – no emitter. Labyrinth drip uses a pressed water channel to guide water through the pipe and to the root zone of the plant. Cuts down on costs.




## #AfriqWater Rain Hose Irrigation

Rain Hose delivers a gentle, mist-like spray using laser-cut holes in a flexible pipe. It creates an even, moist environment ideal for crops that appreciate a little leaf wetness.



IRRIGATION UNLIMITED
SINCE 2003

**www.iunlimited.co.za**

Wholesale supplier and distributor of a wide range of irrigation products

wahl INDUSTRIES · TOMMY · Cascade · VENICE · OCMIS · ROTRIXAFRICA MECHANISED IRRIGATION SYSTEMS BUILT TO IRRIGATE AFRICA · VYRSA · sime · ming · GOLD MEDAL · KLEBOC · OYA

Proudly distributed by IRRIGATION UNLIMITED

**Tobie Van Den Heever** +27 82 658 6054
**Henko Cilliers** +27 71 303 8829

**FIND YOUR NEAREST DEALER**
**PTA** +27 12 736 2121 | **CPT** +27 21 946 1194

Irrigation innovation by


# Irrigation Unlimited

## to increase your yield

**Article supplied**

Two new (and improved) products are taking the South African market by storm.

As part of Irrigation Unlimited's mission to offer a wider variety of irrigation methods, two new products are making waves across Southern Africa. Their Rain Hose is a first in South Africa, impressing with its simplicity, efficiency, and affordability to farms of all sizes. Pressure Compensating dripline delivers precise irrigation at unbeatable value, backed by the trusted quality of Afriq Water's drip range.




### Pressure compensating dripline irrigation

Value-for-money dripline that keeps up with commercial farming.

When long rows and uneven terrain make even water distribution a challenge, PC dripline is the solution. It delivers the same flow rate from every emitter, despite slopes and long laterals that would previously have caused pressure variations.

### What is the difference between PC and non-PC dripline?

The only difference is the emitter. PC emitters regulate flow as needed for even distribution across a line, no matter the conditions. Non-PC emitters have a consistent flow at 1 BAR.

### Why use it?

